Sing vooraf staande: Psalm 98:4 (p. 489)

4 Laat al die strome nou die hande / in jubel saamklap van omlaag;
laat die gebergtes langs hul wande / die juigtoon altyd verder draag!
Hy kom, die Regter van die volke, / omstraal deur reg en majesteit;
Hy span sy vierskaar in die wolke / en oordeel in regmatigheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 47:4 (p. 241)

4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar
van die heidendom. Vorste͡en volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees.
Skild en teëweer is van U, o HEER! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe͡is Hy!

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

Vergifnis:

- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Skrifberyming 12-2:1, 3 (27:1, 3)

1 Ek geloof in God die Vader / wat almagtig, wys en trou,
Skepper is van alle dinge / en dit nog in wese hou.
Ek geloof in Jesus Christus, / wat ons in aanbidding eer:
Eengeboorne van die Vader, / in sy hoogheid onse Heer.

3 Wat die derde dag verrys het, / daar die dood Hom nie kon hou;
na die hemel opgevaar het / deur die diep, onpeilb're blou.
Wat nou sit, met eer en sterkte / aan Gods regterhand omgeef,
tot Hy weerkom as die regter / van wat dood is en wat leef.

Skriflesing: Lukas 19

Teks: Lukas 19:12, 13, 15; Kategismus Sondag 18

Hy het dan gesê: 'n Man van hoë geboorte het na 'n ver land gereis om vir homself 'n koningskap te ontvang en dan terug te kom. En nadat hy tien van sy diensknegte geroep het, gee hy hulle tien ponde en sê vir hulle: Dryf handel daarmee totdat ek kom. (Lukas 19:12-13 AFR1953)

En toe hy terugkom, nadat hy die koningskap ontvang het, sê hy dat daardie diensknegte aan wie hy die geld gegee het, by hom geroep moes word, sodat hy kon weet wat elkeen met handel verdien het. (Lukas 19:15 AFR1953)

Dis 'n merkwaardige gelykenis wat die Here Jesus hier van Homself vertel.

- Hy is die Man van hoë geboorte.
- Hy het 'n dienskneg geword – Hy het mens geword in ons wêreld!
- Hier het Hy vir Homself onderdane vrygekoop uit die mag van sy vyand, want hier het Hy vir almal gesterf wat die Vader Hom gegee het.

Nadat Hy hier gesterf en weer opgestaan het uit die dood, het Hy na ’n ver land toe gegaan sodat hy ’n koninkryk kon ontvang.

- Dit was sy hemelvaart – dus: sy toetrede na die troon van God toe.
- Ons lees op twee plekke in Psalm 24 met presies dieselfde woorde hoe hierdie gebeurtenis geprofeteer word:

  Hef op julle hoofde, o poorte, ja, verhef julle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan! (Psalm 24:7 en 9 AFR1953)

  Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.” (Matteus 4:17 AFR1953)

Die tema van hierdie preek is: Vrugbare lewens.

Sommige gelowiges het so ’n slap houding teenoor God en sy kerk.

- Wanneer daar met hulle gepraat word, is daar soveel stories dat die hele huisbesoek omtrent daardeur in beslag geneem word.
- Party word selfs kwaad vir die kerkraad as daar met hulle gepraat word oor die manier wat hulle lewe teenoor die kerk en hulle God in die hemel.
- Terwyl ons die Here Jesus wat hemel toe gevaar het weer terugverwag om ons as opgestane en herskepte mense by Hom in die ewigheid op te neem – en ook omdat ons besig is om ons voor te berei om die einde van die maand weer die Heilige Nagmaal saam met die Here Jesus te vier – moet elkeen van ons ons lewens ondersoek en kyk of ons die opgevaarde Here Jesus dien soos ons dit regtig behoort te doen.

Die Here Jesus vertel van ’n man van hoë geboorte wat koning moes word oor ’n sekere koninkryk.

- Hierdie man is die Seun van God wat na die aarde toe gekom het om Koning daaroor te wees.
- Maar hierdie Man is gehaat deur sy eie mense.
- Hulle wou Hom nie as koning hê nie. Hulle is in die gelykenis selfs bereid om ’n gesantskap agter Hom aan te stuur om te probeer verhoed dat Hy koning word oor hulle.

Ons lees in Johannes 1:11 dat Jesus Christus met sy geboorte na sy eiendom toe gekom het, maar dat sy eie mense Hom nie wou aanneem nie.

Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. (Johannes 1:11 AFR1953)

Ons lees van twee groepe mense.

- Die een groep is die aanstaande Koning se direkte vyande.
- Die ander groep is sy slawe. Hulle is sy huisgenote wat onder dieselfde dak bly as Hy. Kom ons sê dit is die kerkmense wat aan die kerk van die Here behoort.

Die Koning soek tien van sy slawe uit en gee aan elkeen van hulle ’n ***minê***.

- In die Bybel word dit in die Ou Vertaling met *pond* vertaal.
- Dit was ’n geldstuk wat in ons geld byna R100 (R94,93) werd was.
- Die slawe kry die opdrag dat hulle met hierdie geld moes woeker sodat die Koning die wins daarvan kon trek wanneer Hy die dag terugkom.

Die Koning is nou op reis.

- Hy is gekruisig en het uit die dood opgestaan en toe opgevaar na die hemel. Dit is die reis na die ver land waarvan Jesus praat.
- ’n Land wat sover van ons af is as wat die hemel van ons af is – ’n land waar Hy die Koningskap ontvang van God die Vader.

Nog iets wat duidelik uit hierdie stuk na vore kom, is die feit dat absoluut niks Hom kan wegkeer van sy koningskap af nie.

Nadat Hy sy koningskap ontvang het, kom Hy terug. Die Here Jesus praat hier van sy wederkoms.

- Al gaan Hy vir ’n tyd weg, Hy **sal** weer terugkom.
- Niemand weet hoe lank Hy sal wegbly nie. Jesus sê ook nie hoe lank Hy gaan wegbly nie.
- Maar wat Hy wel sê, is dat dit ’n oordeelsdag is as Hy die dag terugkom na die aarde toe – ’n dag waarop Hy gaan afreken met al die mense wat agtergebly het.

Eers roep Hy al sy slawe bymekaar. Hy het aan elkeen van hulle ’n opdrag gegee.

- Voordat Hy vertrek het, het Hy hulle met die verantwoordelikheid belas dat hulle moes sorg dat dit met sy koninkryk op die aarde goed gaan.
- Hy verwag dat hulle moes sorg dat die kerk uitbrei. Hy verwag van hulle dat hulle hulle verpligtinge nagekom het.

Hy wil nie een enkele storie hoor nie. Hy wil die vrug van hulle werk sien.

Jesus praat hier van ons – ons wat die lidmate is van sy kerk.

- Ons is die slawe wat elkeen talente by die Here gekry het – nie om dit vir onsself te hou nie.
- Die geld wat ons het, en die verstand en persoonlikheid wat ons gekry het, het die Here nie gegee dat ons dit in ’n sweetdoek moet gaan begrawe nie.
- Hy wil sien hoe dit in die kerk gewerk het.

Daar word net van drie slawe vertel.

- Die eerste een het met sy een talent nog tien wins gemaak sodat hy elf talente teruggee vir die een wat aan hom toevertrou is.
- Die Here is tevrede met hierdie slaaf. Hy sê aan hom dat hy soveel waardering het vir die feit dat hierdie slaaf van Hom oor so min so baie getrouheid aan die dag gelê het, dat Hy aan hierdie slaaf ’n heersersposisie in die hemel gee. Alle mense is egter nie tot ewe veel in staat nie.

Die tweede slaaf kom met vyf talente wins by die Here aan.

- Al het hy nie tien nie, het God nogtans groot waardering vir die feit dat hierdie man tog sy plig gedoen het.
- Die Here vra na die eindresultaat van ons lewens hier.

Die eerste twee slawe se lewens het verskillende vrugte gedra.

- Die een het baie meer geywer as die tweede een.
- Die Koning is met al twee tevrede, maar hulle word nie eenders beloon nie.
    - Die eerste een ontvang ’n groter mate van heerlikheid as die tweede een.
    - Al twee ontvang in die koninkryk van die Koning na verhouding van die verantwoordelikheid waarmee hulle in sy kerk gewerk het.

Van sewe slawe word niks vertel nie, maar daar was nog een van wie die Here wil hê dat ons moet leer.

- Die laaste slaaf het die verantwoordelikheid waarmee God hom beklee het, net so ongebruik laat lê.
- Hy het glad nie gewerk nie.

- Hy is soos party lidmate van die kerk van die Here. Hierdie man was doodgelukkig dat hy een van die slawe van die nuwe Koning was, maar hy het nie sy deel in hierdie koninkryk nagekom nie.

Lees wat sê die Here Jesus Christus hier van dié wat nie hulle deel behoorlik wil nakom nie.

- Die wat net half en half kerk besoek en wat net half en half meelewend is, is soos hierdie laaste slaaf wat maar net sit en kyk dat die ander die koninkryk moet bou met alles wat hulle kan.
- Hy het geen deel in die koninkryk van God gekry nie.
- En dit is nie al nie. Wat hy nog gehad het, het die Here ook weggeneem. God laat nie met sy gawes mors nie. Hy gee dit vir mense wat bereid is om daarmee te werk.

Die slaaf kom ook met verskonings. Hy was bang dat hy dalk sy geldstukke sou verloor.

- Maar Jesus staan self voor hom. En die Here weet wanneer iemand leuens vertel omdat hy net nie lus het om sy deel na te kom nie.
- Jesus het nie soos die predikant en die ouderling niks om te sê nie.

Hy vertel hierdie slaaf reguit en padlangs dat hy die geld ten minste kon gaan bank het.

- Hy het geen verskoning nie.
- Hierdie man se verskoning word gebruik om hom te veroordeel. Jesus sê vir hom: Uit jou eie mond sal Ek jou oordeel, slegte dienskneg.

Laat elkeen homself ondersoek. Ons vier hemelvaart.

- Daarmee gedenk ons die wegreis van ons Koning na die ver land toe waar Hy sy Koningskap gaan ontvang het.
- Maar die hemelvaart verseker ons ook dat hierdie Koning weer terugkom om te oordeel – Hy het self so gesê.

Hierdie gelykenis praat met elkeen van ons. God laat nie met Hom speel nie. Sy hemelvaart is die bewys van sy absolute almag. Hy is van ons af weg om sy koningskap in besit te neem. Niemand kon Hom keer nie – selfs nie eers die dood nie.

Nou wag ons die wederkoms in. Die wederkoms van ons Koning het nie tyd vir verskonings nie.

- Lees wat staan daar in vers 27. Die Koning laat sy vyande voor Hom doodslaan.
- Daardie tyd is daar vir die ongelowiges en halfgelowiges geen genade nie.
- Maar vir ons wat glo, staan die saak anders: Ons leef soos diensknegte wat hulle Koning terugverwag. Hy maak ons dan sy kinders.

Ons mense van vandag is in nog ’n opsig soos die diensknegte.

- Die wat hulle plig nagekom het, het niks te sê gehad nie, behalwe dat hulle die vrug op hulle werk kon wys.
- Maar die een wat nie sy werk gedoen het en sy verantwoordelikheid nie nagekom het nie, hy het baie te sê gehad. Hy hou vir die Koning ’n hele preek waarin hy vertel hoe goed hy Hom geken het en wat sy rede vir sy luiheid was.

Geliefdes, U het gehoor wat in die voorgelese gedeelte geskryf staan. Ons Koning kom terug.

- Die engel het vir die dissipels gesê dat Hy net so terugkom soos Hy weggegaan het.
- Die Here Jesus het aan ons die opdrag gegee om te verkondig en koninkryk te bou in die tyd tussen hemelvaart en wederkoms.
- Ons het nie soos sy slawe muntstukke ontvang nie – Hy het ons begenadig met sy Heilige Gees om hierdie werk goed en behoorlik te kan doen.

Hy gaan sy diensknegte bymekaarroep sodat Hy kan sien wat elkeen van hulle verdien het met die gawes wat Hy in hulle hande gegee het, sodat Hy ons daarvolgens kan beloon.

Ons wag op die wederkoms van ons Koning. Kom ons gebruik ons talente – ons begrawe nie ons geloof en gawes in 'n sweetdoek nie. Ons verklaar ons bereid om te werk vir die koninkryk van God totdat Hy ons kom opneem in sy heerlikheid.

Ek lees graag vir u uit ons belydenis voor wat ons hiervan bely (Heidelbergse Kategismus Sondag 18):

Vraag 46: Wat verstaan jy onder: wat opgevaar het na die hemel?

Antwoord: *Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem (a) en Hy is vir ons daar ten goede (b) totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het (c).*
(a) Hand 1:9; Mark 16:19; Luk 24:51: (b) Heb 9:24; 4:14; Rom 8:34; Kol 3:1. (c) Hand 1:11; Matt 24:30.

Vraag 47: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie (a)?

Antwoord: *Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie (b), maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie (c).*
(a) Matt 28:20. (b) Heb 8:4; Matt 26:11; Joh 16:28; 17:11; Hand 3:21. (c) Joh 14:18; Matt 28:20.

Vraag 48: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

Antwoord: *Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig (a). Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid (b) is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.*
(a) Jer 23:24; Hand 7:49. (b) Kol 2:9; Joh 3:13; 11:15; Matt 28:6.

Vraag 49: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

Antwoord: *Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is (a). Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem (b). Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur (c) deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie (d).*
(a) 1 Joh 2:1; Rom 8:34. (b) Joh 14:2; 17:24; 20:17 2:6. (c) Joh 14:16; 16:7; Hand 2:33; 2 Kor 1:22; 5:5 (d) Kol 3:1.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 32:3 (p. 152)

3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: Hemelvaart 13 Mei 2010